**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# 2021: JAAR VAN VOORTGESETTE VRUGTEVOLLE VENNOOTSKAPPE!

## NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE VIRTUELE VERGADERING GEHOU OP MAANDAG 12 JULIE 2021 OM 14:00 VANAF PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R de Vries | [DA] | : | Speaker |
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. F Lötter | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. J Breunissen | : | Direkteur Tegniese Dienste (waarnemend) |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mnr. AW Rheeder | : | Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste |
| Mev. JM Rosenberg | : | Senior Tikster |

***

**AKSIE**

**BKN001/07/2021**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Raadslid Du Plooy open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal verwelkom by die vergadering.

***

**BKN002/07/2021**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Direkteur Tegniese Dienste – vakansieverlof

***

**BKN003/07/2021**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Alle Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die item op die agenda het nie.

***

**BKN004/07/2021**
**WYSIGING VAN MIKROSTRUKTUUR – KORPORATIEWE DIENSTE**
**4/1/1/2**

Die Direkteur Korporatiewe Dienste lei die item in en gee ‘n breedvoerige samevatting van die insette wat ontvang is, met betrekking tot die posbeskrywings soos elektronies versprei aan die lede van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, Direksie en Vakbondverteenwoordigers.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer, met spesifieke verwysing na regsdienste / regshulp funksies, kwalifikasies en titel van die Bestuurder: Administratiewe Dienste, soos vervat in die posbeskrywing.

Verdere insette en kommentaar word gelewer, met spesifieke verwysing na die funksies en rapporteringslyne van die verskeie poste wat aan die Hoof: Sekretariaat en Rekordsbestuur moet rapporteer.

**BESLUIT**

1. Dat die posbenaming van die Bestuurder: Administrasie gewysig word na Bestuurder: Administrasie / Regsondersteuningsdienste;
2. Dat die pos van Hoof: Kliënte- en Administratiewe Ondersteuning geskrap word;
3. Dat die funksie van kliëntediens verskuif word na die pos van Hoof: Sekretariaat en Rekords;
4. Dat die rapporteringslyne van die onderstaande personeel gewysig word sodat hulle voortaan direk aan die pos van Hoof: Sekretariaat en Rekords rapporteer (Bylae A):

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

- Kliëntediensbeampte: PB
- Kliëntediensbeampte: PV
- Kliëntediensbeampte: VD

5. Dat die voorgestelde mikrostruktuur aangeheg as Bylae A goedgekeur word;

6. Dat die onderstaande poste se posbeskrywings hersien en herevalueer word:

| POSBENAMING | REDE VIR WYSIGING |
|---|---|
| Bestuurder: Administrasie / Regsondersteuningsdienste | Wysiging van funksies |
| Hoof: Sekretariaat & Rekords | Wysiging van funksies en ondergeskiktes |
| Klientediensbeampte: PB | Wysiging van funksies & rapporteringslyn |
| Klientediensbeampte: PV | Wysiging van funksies & rapporteringslyn |
| Klientediensbeampte: VD | Wysiging van funksies & rapporteringslyn; en |

7. Dat die vulling van die poste heroorweeg sal word nadat die uitslag van die evaleuring bekend is.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 16:00*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

_______________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***